Storiesterre vir Klein Harte

Jan en Pierewiet
Die Twee Motte



ANNABEL LIVERSAGE



Jan en Pierewiet
Die Twee Motte

In ’n groen, rustige woud het ’n groepie motte gewoon. Die meeste van hulle was maar ’n bietjie ondeund en onbesonne, maar tussen hulle was daar een besonder slim mot.

Sy naam was Jan.

Jan het ’n jonger boetie gehad met die naam Pierewiet.
Jan was ’n liefdevolle en voorbeeldige mot. Sy vlerke was pragtig, met sagte kleure, kolletjies en strepies wat in die maanlig geskitter het. Party van die motte het selfs gesê dat hy amper onwerklik mooi lyk.





Pierewiet, daarenteen, was lomp en eenvoudig. Hy het nie altyd mooi gedink voordat hy iets gedoen het nie en het dikwels verkies om sy eie kop te volg.

In die nag het die motgesinne uitgekom om kos te soek. Hulle was veral lief daarvoor om sap uit blomme en ryp, verrottende vrugte te suig.





Elke aand, wanneer die son sak, het Oupa en Ouma by hul klein houttafeltjie gaan sit. Op die tafel het ’n olielamp en ’n groot Bybel gestaan.

Oupa het met ’n sagte, liefdevolle stem uit die Bybel voorgelees. Die lamp se warm, geel-oranje lig het die vertrek gevul en ’n gevoel van vrede en veiligheid geskep.

Jan het elke aand opgewonde na hierdie besondere oomblik uitgesien. Sodra Oupa die lamp aangesteek het, het die lig hom vriendelik aangetrek. Jan het nader gekom, rustig om die lamp gefladder en aandagtig na Oupa se woorde geluister.
Hy het die betekenis daarvan in sy klein hartjie verstaan en probeer om sy lewe skoon en mooi te hou.





Maar Pierewiet het die lig vermy.
Hy het liewer in die skemer gebly, ver van die lamp af. Hy was ongehoorsaam en het gedurig gesoek waar hy ’n bietjie stoutigheid kon aanvang.
Blomme se blare is afgeëet en selfs die suurlemoenboom se blare was vol klein knibbelmerke!

Maar Pierewiet was tog nuuskierig.
Een aand het hy besluit om die lig van naderby te bekyk.
Hy het in groot sirkels om die lamp gevlieg, soos ’n wieletjie wat al in die rondte draai.
Eers ver weg ... toe ’n bietjie nader.
Toe hy sien dat niks met hom gebeur nie, het hy sy sirkels al kleiner gemaak.
Die lig het warm gevoel. Die gloed was pragtig.
Hy het al hoe dapperder geword.





Maar skielik het Pierewiet iets besef:
Die lig wys alles!
Daar was geen donker hoekie waarin hy kon wegkruip nie.
Hy het stil geword ...
Vir die eerste keer het hy ernstig oor sy dade begin nadink. Hy het onthou hoe hy die blare beskadig en al die stoutigheid aangevang het.
Met ’n skaam hartjie het hy omgedraai en saggies gesê:
“Jan ... ek wil ook leer om in die lig te leef.”
Jan het geglimlag. Hy het sy boetie liefdevol nader getrek en gesê:
“Die lig is nie hier om ons seer te maak nie, Pierewiet. Dit help ons om raak te sien wanneer ons verkeerd doen en wys ons hoe om die regte pad te kies.”

Daardie aand het Pierewiet ook nader aan die lig gekom.
Nie om weg te kruip nie, maar om te leer.
En van toe af het die twee boeties saam in die lig gefladder.

Boodskap van die storie

God se lig wys vir ons wanneer ons verkeerde dinge doen. Ons moenie dink ons kan met sonde speel sonder dat dit ons uiteindelik skade berokken nie. Wanneer ons ons foute erken en na God se lig toe draai, help Hy ons om die regte pad te kies.

